# HOËRSKOOL

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vak | : | Visuele Kuns | Datum | : | November 2013 |
| Graad | : | 10 | Tydsduur | : | 2 uur |
| Fasiliteerder | : | Mev C Webb | Totaal | : | 120 |
| Moderator | : | Me L Wolmarans | | | |

**Instruksies :**

1. Nommer die antwoorde soos op die vraestel.
2. Verwys na visuele bronne waar van toepassing.
3. Inligting wat in een antwoord bespreek word sal nie krediet ontvang as dit in ander antwoorde herhaal word nie.
4. Skryf in 'n duidelike ordelike styl en gebruik volsinne en paragrawe waar van toepassing.
5. Skryf netjies in 'n blou of swart pen.
6. Trek 'n lyn na elke vraag.

**In hierdie vraestel sal daar van jou verwag word om die volgende te demonstreer:**

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie in jou antwoorde.
- Die gebruik van visuele analise en kritiese denke.
- Die toepassing van visuele geletterdheid.
- Kennis oor kenmerkende kunsstyle in konteks.

| **Punteverdeling van vraestel:** | | |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | Algemene teorie | 15 |
| **Vraag 2** | Griekse en Romeinse kuns | 20 |
| **Vraag 3** | Vroeg-Christelike en Bizantynse kuns | 20 |
| **Vraag 4** | Renaissance | 25 |
| **Vraag 5** | Barok en Rococo | 20 |
| **Vraag 6** | Visuele Geletterdheid | 20 |
| **Groot Totaal:** | | **120** |



## VRAAG 1: Algemene teorie

1.1 Identifiseer telkens die kunselement wat deur die illustrasie voorgestel word. Skryf slegs die nommer en gepaste element neer, bv. 1.1.1 Lyn.

| 1.1.1 | 1.1.2 | 1.1.3 | 1.1.4 | 1.1.5 |
|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |

(5)

1.2 Skryf 'n kort definisie vir die volgende terme:

1.2.1 Monochromaties

1.2.2 Arsering

1.2.4 Media

1.2.4 Tint

1.2.5 Installasie (5)

1.3 Kies een van die volgende kunsprosesse en verduidelik volledig wat dit behels deur te verwys na kunsmateriale en tegnieke wat gebruik word:

- Kollografie
- Perspex etswerk
- Scraperboard. (5)

**(15)**

---

**VRAAG 2: Griekse en Romeinse kuns**

2.1 Gebruik die gegewe drie voorbeelde van Griekse en Romeinse kuns en bespreek die groei en ontwikkeling van beeldhouwerk gedurende die tydperk in 'n paragraaf. Verwys in jou antwoord na die volgende:

- Titel van die kunswerk
- Tydperk waarin die kunswerk gemaak is
- Algemene kenmerke van die tydperk soos gesien in die kunswerk
- Tegnieke en materiale gebruik gedurende die tydperk
- Enige ander relevante feite (15)







2.2 Vergelyk die Grieke en Romeinse argitektuur met mekaar deur 'n paragraaf te skryf waarin jy verwys na:

- Soorte geboue
- Boustyle en materiale
- Nuwe tegnieke wat ontwikkel is
- Noem spesifieke geboue wat relevant is. (5)

**(20)**

**VRAAG 3: Vroeg-christelik en bizantynse kuns**

3.1 Die onderstaande tabel bevat illustrasies van kunsvorme wat floreer het tydens hierdie tydperk. Benoem elke kunsvorm en verduidelik kortliks wat dit behels deur te verwys na media en tegniek.

3.1.1



3.1.2



3.1.3



(9)

3.2 Watter algemene temas is gedurende hierdie tydperk uitgebeeld? (1)

3.3 Bestudeer die onderstaande voorbeeld van bizantynse kuns en bespreek dit volledig deur te verwys na:

- Titel van die werk
- Media en tegniek
- Onderwerp en tema
- Algemene stylkenmerke. (10)




**(20)**


**VRAAG 4: Renaissance**

4.1 Verduidelik wat die term Renaissance beteken. (1)

4.2 Wie het die reëls van perspektief in hierdie tydperk ontwikkel? (1)


4.3 Bespreek die onderstaande skildery in 'n paragraaf deur te verwys na:

- Titel en kunstenaar
- Agtergrond, tema en simboliek.
- Kenmerke van die styl
- Gebruik van formele kunselemente. (8)



4.5 Leonardo Da Vinci word deur kenners beskou as 'n Renaissance meester. Bespreek die onderstaande kunswerk wat deur hom geskilder is in 'n paragraaf deur te verwys na:

- Titel
- Agtergrond, tema en simboliek
- Gebruik van formele kunselemente. (5)




4.6 Michelangelo Buonarotti word gesien as een van die grootste beeldhouers van die Renaissance. Hy was bekend vir sy fyn uitbeelding van die menslike vorm. Vergelyk die Dawidbeeld van Michelangelo met die Dawidbeeld van Donatello.
Verwys in jou antwoord na:

- Medium en tegniek
- Postuur van die figuur
- Lyftaal, boodskap
- Detail en afronding
- Enige ander toepaslike verskille of ooreenkomste. (10)
-



Dawidbeeld, Donatello



Dawidbeeld, Michelangelo

**(25)**

**VRAAG 5: Barok en Rococo**

Bestudeer die onderstaande voorbeelde van Barok en Rococo kunswerke en skryf 'n paragraaf waarin jy die style met mekaar vergelyk. Verwys in jou antwoorde na die volgende:

- Titels en kunstenaars van gegewe kunswerke
- Kenmerke en ontwikkeling van die styl
- Ooreenkomste en verskille.






**(20)**

**VRAAG 6: Visuele Geletterdheid**







Ai Weiwei, Sonneblom sade, 2010, Tate Modern Gallery.

Ai Weiwei is 'n Chinese kunstenaar wat dikwels kontroversiële installasies maak. Bogenoemde kunswerk bestaan uit 100 miljoen sonneblomsade wat uit porselein vervaardig is en met die hand geverf is. Dit is handgemaak deur sowat 1600 Chinese werkers wat vir omtrent 2 jaar daaraan gewerk het.



Ai Weiwei met 'n handvol van die porselein sade.

Bespreek die gegewe kunswerk deur 'n paragraaf te skryf waarin jy die volgende bespreek:

- Die rol van installasies in konseptuele kuns in die moderne era.
- Komposisie
- Gebruik van media en tegniek
- Kunselemente
- Moontlike boodskap en betekenis van die werk
- Kunswaarde van hierdie werk. **(20)**

---

GROOT TOTAAL: [120]